Hoofstuk 13

Petrus Jacobus Pretorius (d9)

(1761 – 1830)

Oriëntasie

Petrus[1] is in 1761 gebore en word 69 jaar oud voordat hy in 1830 oorlede is. Hy was ’n vee- en saaiboer.

In 1779/80 is daar moontlik ’n kortstondige verhouding tussen die agtienjarige Petrus en die 25-jarige weduwee Jacoba Wagenaar en ’n seun word gebore.

Petrus trou, toe hy amper 20 jaar oud is, in 1781 met die 17-jarige Johanna[2] Pretorius wat omstreeks 1764 gebore is en in 1801 oorlede is toe sy nagenoeg 37 jaar oud was. Hulle het vier kinders gehad.

Die 41-jarige Petrus trou daarna in 1802 met die 31-jarige weduwee Van der Walt, Maria[3] Kruger, wat Petrus oorleef en in 1844 in die ouderdom van 73 jaar oorlede is. Hulle het nie as egpaar kinders gehad nie.

Genealogiese gegewens

d9 **PRETORIUS, Petrus Jacobus**: *Graaff-Reinet Dist. 6.5.1761; ≈Tulbagh 3.10.1761[4]; †Colesberg Dist. Wyk Agter-Suurberg Knoffelvallei 6.7.1830.

Waarskynlike kortstondige verhouding omstreeks 1779/80 waaruit ’n kind gebore is: **WAGENAAR, Jacoba**: *c. 1754; ≈Tulbagh 26.5.1754[5]. Dogter van Johan Christoph Wagenaar en Johanna Maria Lubbe.
[Sy
x19.4.1772[6]: **TAS, Adam**. *Nederland; †29.2.1779[7], seun van Adam Tas en Johanna van Beek.
xx Tulbagh 11.6.1780[8]: **GEEL, Benjamin Johannes:** *1754.[9]]

x Drakenstein 20.3.1781[10]: **PRETORIUS, Johanna Adriana**: *c. 1764; ≈Tulbagh 30.9.1764[11]; †1801[12]. Dogter van Johannes Lodewyk Pretorius en Hilletje (Heyltje) de Beer.

xx Kaapstad 18.7.1802[13]: **KRUGER, Maria Elizabeth**: *27.2.1771[14]; ≈Paarl 6.10.1771[15]; †Knoffelvallei 30.10.1844[16] Dogter van Gerrit Kruger en Susanna Lasya Buys.
[Sy –
x 12.8.1787[17]: **VAN DER WALT, Michiel Andries**: *22.2.1769[18]; ≈Tulbagh 28.5.1769[19]; †c. 1799[20].]

Jeug

Op 6 Mei 1761 word Petrus gebore. In sy sterfkennisgewing word aangedui dat hy in die Distrik Graaff-Reinet gebore is, maar die gegewens oor sy ouers dui daarop dat hy dalk eerder in die Land van Waveren (Tulbagh Distrik) gebore is. Daar is by sy vader se sterfte ’n aanduiding dat sy vader in 1779 in die Camdeboo oorlede is – ’n gebied wat later onder die Distrik Graaff-Reinet sou ressorteer en dit is dus moontlik dat Petrus saam met sy

ouers se gesin na daardie omgewing getrek het. Sy vader is oorlede toe hy 18 jaar oud was. Daar is nie verdere gegewens oor sy jeug gevind nie.


40 't Kint Petrus Jacobus. item
Vader Jan Lodewicus Pretorius.
Moeder Anna Sophia Botha,
Gett – Hendrik Botha, en Susanna Catharina van der Merwe,
Lodewicus Jacobus Theron, en Anna Elisabeth Theron.

Doop van Petrus: 3.10.1761 Tulbagh[21]

Daar is blykbaar verkeerdelik aanvaar dat Petrus 'n eerste huwelik aangegaan het met Jacoba Wagenaar ten einde 'n verklaring te vind vir die kind Adam Pretorius:


19 d.to Adam
m Jacoba Wagenaar
g Petrus Jacobus Pretorius
Catharina Maria Coertse
Cornelis Jacobus Tol
Cornelia Lubbe

Jacoba Wagenaar doop op 14 Mei 1780 Adam Pretorius

- Jacoba Wagenaar trou op 19 April 1772[22] met Adam Tas (blykbaar die kleinseun van die stamvader Adam Tas). Hulle het volgens die Suid-Afrikaanse Geslagsregisters ses kinders voordat Adam Tas op 29 Februarie 1779 oorlede is[23].
- Jacoba gaan op 11 Junie 1780 'n tweede huwelik aan met Benjamin Johannes Geel[24]. Hulle het nege kinders gehad, waarvan die oudste een op 20 April 1783 gedoop is.
- Jacoba was dus vir die tydperk 29.2.1779 tot 11 Junie 1780 nie getroud nie. Minder as 'n maand voor haar tweede huwelik, doop Jacoba 'n kind, Adam, op 14 Mei 1780. Daar word nie in die doopregister 'n vader aangedui nie en die getuies by die doop is Petrus Jacobus Pretorius, Catharina Maria Coertse, Cornelius Jacobus Tol (Sol?) en Cornelia Lubbe.
- In die *Suid-Afrikaanse Geslagsregisters* (SAG) word aangedui dat Jacoba 'n derde huwelik aangegaan het, na haar huwelik met Geel, met Petrus Jacobus Pretorius[25]. Dit is egter foutief want Geel is op 17 Junie 1828 oorlede[26], terwyl die genoemde Adam (Pretorius) op 14 Mei 1780 gedoop is.
- In SAG 8 word 'n oudste seun Adam vir die Petrus Jacobus Pretorius waaroor hierdie hoofstuk gaan, aangedui. Daar word ook aangedui dat sy eerste huwelik omstreeks 1780 met Jacoba Wagenaar was en dat hy op 20 Maart 1781 'n tweede huwelik aangaan. Jacoba Wagenaar was tot 11 Junie 1780 'n weduwee en sterf eers heelwat later. Petrus Pretorius kon dus nie haar wewenaar gewees het en 'n tweede huwelik in Maart 1781 aangegaan het nie.
- In die Pretorius geslagsregister, word ook 'n huwelik (sonder besonderhede) met Jacoba Wagenaar aangedui en die kind Adam[27].
- Daar is egter nie afdoende bewys dat Petrus die vader van Adam is nie, want hy is slegs as getuie by die doop teenwoordig.
- Alles in ag genome, is daar nie bewys dat Petrus en Jacoba getroud was nie en is dit volgens die gegewens hierbo inderdaad nie moontlik nie. Indien die kind, Adam, Petrus se kind was, was hy dus nie uit 'n huwelik gebore nie en dit is moontlik dat hy 'n voorkind van Petrus was as gevolg van 'n kortstondige verhouding tussen die 18-jarige Petrus en die 25-jarige Jacoba.


14 't Kint Jacobus. 1726 maij
Vader Jacobus de Wet,
Moeder Martha du Toit,
Gett – Jacobus du Toit, en Maria Theron, en Margrietha Bl... maitt
15 't Kint Jacoba. item
Vader Jan Christoffel Wagenaar,
Moeder Johanna Maria Lubbe,
Gett – Gerrit van der Merwe, en Jacoba van Heerden.

Jacoba Wagenaar se doop 26 Mei 1754. Dit verskil van 15 April 1754 soos elders aangedui.



Johannes Geel trou met Jacoba Wagenaar 11.6.1780[28]

Op 20 Maart 1781 trou Petrus in die Paarl met Johanna Adriana Pretorius. Hy was toe amper 20 jaar oud en sy 17 jaar. Sy is 'n nasaat van die stamvader Johannes Pretorius se derde kind, Johannes en Johanna Vosloo, terwyl Petrus afstam uit die stamvader se vyfde kind. Haar ouers was Johannes Lodewyk Pretorius en Hilletje (Heyltje) de Beer.



Huwelik van Petrus en Johanna: 20 Maart 1781. Drakenstein



Doop van Johanna Tulbagh 30.9.1764[29]

Woonplekke

Daar kon nie vagestel word waar Petrus vir die grootste deel van sy lewe gewoon het nie. Petrus en Johanna doop hul eerste twee kinders te Tulbagh en die laaste twee kinders te Graaff-Reinet, waar 'n gemeente in 1792 gestig is. Dit kom voor asof daar 'n sterk moontlikheid is dat hulle die meeste van die tyd in die Wyk Voor-Sneeuberg van die Distrik Graaff-Reinet gewoon het. Volgens die ligging van die plase was hulle in die omgewing van die huidige pad tussen Graaff-Reinet en Middelburg KP aan die Graaff-Reinetkant van die Lootsbergpas. Daar het Petrus in 'n stadium vier plase gehad en daar is nie 'n aanduiding op watter van die plase hulle gewoon het nie.

In 1802 word daarna verwys dat Petrus vergunning tot okkupasie op Babilonstoren en Quachasfontein in die Wyk Voor-Sneeuberg van die distrik Graaff-Reinet het en dat daar op beide plase opstalle is. Later kom die plase Tweefontein en Doornkloof by. Tot 1811 kom Petrus se naam voor in die opgaafrolle van die Wyk Voor-Suurberg.

Petrus se sterfte word egter aangetoon as op Knoffelvallei, Distrik Colesberg. Maria het in 'n testament na Petrus se dood die plaas bemaak aan haar Van der Walt kinders[30].

Eiendom

Toe die inventaris in 1802 opgestel is na Johanna se dood, word daarin verwys na "… Een opstal staande op de lenings plaatz gen:t **de Babijlons Toorn** geleegen onder de Zwart Rivier aan de spruyt van de Landdrost Rivier…" asook "… een opstal staande op de leningsplaats gen:t de **Quaggaas Fontijn** geleegen onder de Sneeuwberg…".[31]

In die opgaafrolle vir die Wyk Voor-Sneeuberg van Graaff-Reinet vir 1811[32] word die leningsplase Babilonstooren, Quaggafontein, Doornkloof, en Tweefontein (Voor-Sneeuberg) vir Petrus aangedui. Die vier plase is op of langs die pad tussen Graaff-Reinet en Middelburg KP (N9) geleë in 'n baie koue gebied, soos op die kaart hieronder aangedui. Die gegewens is soos volg:

- **Tweefontein 68**[33]. Daar is ook ietwat suid 'n plaas Tweefontein, maar hierdie een wat aan Quachasfontein grens lyk meer aangewese.
- **Quachasfontein 84**[34].

Benaderde ligging van 'n aantal van Petrus se plase

- **Babilonstoren**. Daar word nie op die Landmeter-Generaalkaarte so 'n plaas aangedui nie, maar die berg Babilonstoren[35] is op die huidige plaas Bloemhof 101[36].
- **Doornkloof 141[37]** wat aangrensend is aan Bloemhof met Babilonstoren daarop.

Toe Petrus in 1802 met Maria Kruger trou, kom die plaas **Knoffelvallei[38]** ook in die besit van die gesin. Dit was Maria se eerste man, Michiel Andries van der Walt, se plaas en was tussen Middelburg KP en Steynsburg geleë.

In die Pretorius Geslagregister[39] word gemeld dat Michiel van der Walt oorspronklik die eienaar was van Knoffelvallei (Knoffelvlei in die Wyk Renosterberg) in die Distrik Middelburg KP en dat die plaas later aan die Staat geskenk is en die persele van die Grootfontein Landboukollege daar opgerig is. Dat die Grootfontein Landboukollege se "persele" op Knoffelvallei voorkom blyk nie in alle opsigte korrek te wees nie. Nicolaas van der Walt het beide die plase Driefontein (waarop Middelburg KP aangelê is) en Grootfontein besit. Grootfontein is direk noord en oos van Middelburg KP. Op 31 Desember 1836 is die plaas toegeken aan Nicolaas se seuns Nicolaas en Hendrik Tjaart Jacobus gesamentlik. In 1827 is 'n opstal op die plaas opgerig wat steeds bestaan. In 1903 is die plaas verkoop aan die Britse Regering. Die Britte het dit as 'n militêre basis gebruik. In 1911 is die Grootfontein Landboukollege op die plaas ingerig. Dr. P W Vorster, wat Sekretaris van Landbou was, het die proses aan die gang gesit om die museum, wat tans nog bedryf word, in die ou opstal in te rig.

Benaderde ligging van Knoffelvallei



Petrus was nagenoeg 40 jaar oud toe sy eerste vrou, Johanna, oorlede is. Die inventaris wat na haar dood opgestel is dui op 'n welvarende en uitgebreide boerdery[40]. Van die eiendom wat in die boedel ingesluit is, word hieronder genoem, maar dit is nie 'n volledige lys nie:

- Plase: Die opstalle op die twee plase soos hierbo genoem. (Die plase was leningsplase en dus nie Petrus se eiendom nie. Die opstalle wat op sulke plase opgerig is, was egter die okkupeerder se eiendom en kon vererf word.)
- Bybel, Psalmboek, Gesangeboek en predikasieboek.
- Slawe: Die volgende 9 of 12 slawe en slawekinders is opgeneem in die inventaris:
  'n Manlike slaaf, Mentor van Mosambiek, wat 'n gebreklike been het.
  'n Manlike slaaf, Mozis van Mosambiek.
  In 'n tweede inventaris[41] word nog 3 mansslawe, sonder verstrekking van name, aangetoon waarvan een "heel oud" is en een doof en blind in die een oog is.
  'n Slaweseun, Africa van die Kaap, wat 12 jaar oud is.
  'n Slaweseun, Salomon van Mosambiek, wat ongeveer 10 jaar oud is.
  'n Slaweseun, Adam van die Kaap, wat 5 jaar oud is.
  'n Slawe vrou, Carolina van Malabar.
  'n Slawevrou, Malatie van Malabar, wat sieklik is.
  'n Slawevrou, Rachel van Mosambiek.
  'n Slawedogter, Hermina van die Kaap, 8 maande oud.
- Vee: 30 perde, 780 beeste en 3547 skape.

©R. J. du Preez

- Vervoer: Twee ossewaens en ’n perdewa, elk met volle toebehore.
- Gewere: 5.
- Meubels: 3 tafels, 4 stoele, rusbank, ledekant met behangsel, bed, 2 kiste en ’n lessenaar.
- Kombuisgereedskap: ’n Verskeidenheid, insluitende ’n koperkookketel, 8 porseleinborde, 12 tinborde, 12 tinlepels, 18 staalvurke, bottervat, karring, braaipan en groot ysterpot.
- Plaasgereedskap: Heelwat, waaronder ’n ploeg, 3 byle, blaasbalk, bore, bytels, sekels, hamers, skroef, pik en grawe. Daar was ook ’n brandewynketel en vaatjies.

In die opgaafrolle wat tussen 1802 en 1804 opgeneem is in die Graaff-Reinet Distrik is gegewens van ’n substantiewe boerdery deur Petrus. Daar was 4 knegte, 28 gehuurde werkers en 10 slawe. Hy het 39 perde, 271 beeste en 5020 skape besit. Sy gesaaides het 150 mud tarwe en 18 mud gars gelewer. Daar was drie waens.[42]

Alhoewel die boerdery in 1811 ietwat kleiner is, is dit nog ’n baie groot boerdery. Die gegewens is in die opgaafrole van die Distrik Graaff-Reinet se Wyk Voor-Suurberg. Daar word 4 werkers en 16 slawe opgegee. Daar was 43 perde, 204 beeste, 3300 skape en 200 bokke. Die gesaaides het 80 mud tarwe en 90 mud gars gelewer en daar was 2200 wingerdstokke. Drie waens is opgegee. Daar word aangedui dat Petrus oor die leningsplase Babilonstooren, Quaggafontein, Doornkloof en Tweefontein beskik. [43]

Kerk

Petrus en Johanna doop hul eerste twee kinders te Tulbagh en die laaste twee kinders te Graaff-Reinet, waar ’n gemeente in 1792 gestig is. Dit kom dus voor of hulle eers met die kerk in Tulbagh en later in Graaff-Reinet assosieer het.

In die inventaris wat opgestel is in 1802 na Johanna se dood word na Petrus verwys as “… den ouderling der colonie Graaf Rynet d’ edele Petrus Jacobus Pretorius …”.[44]

Die gesin

Petrus se kinders was soos volg[45]:
Moontlik uit ‘n verhouding met Jacoba Wagenaar:
- Adam, wat waarskynlik jonk ooorlede is.

Uit die huwelik met Johanna Adriana Pretorius:
- Anna Sophia wat getroud was met Petrus Stephanus Venter.
- Johannes Lodewyk wat agtereenvolgens getroud was met Martha Kruger en Anna Martha Catharina van der Walt.
- Hilletje Johanna wat eers getroud was met Gerrit Kruger en daarna met Piet Aucamp
- Petrus Jacobus wat agtereenvolgens getroud was met Francina Margaretha Kruger, Johanna Catharina Venter en Anna Elizabeth Jacoba Coetzee.

Petrus trou op 18 Julie 1802 met die weduwee Maria Elizabeth Kruger. Sy was voorheen getroud met Michiel Andries van der Walt en hulle het die volgende ses kinders tussen 1788 en 1799 gehad:
- Tjaart van der Walt wat getroud was met Anna Francina Buys.
- Susanna Lasya van der Walt wat getroud was met Carel David Aucamp.
- Gerrit van der Walt wat getroud was met Johanna (Anna) Maria Venter.
- Anna Martha Catharina van der Walt wat agtereenvolgens getroud was met haar stiefbroer, Johannes Lodewyk Pretorius en Willem Johannes van Biljon.
- Michiel Andries Louis van der Walt wat getroud was met Susanna Lasya Kruger.
- Maria Elizabeth van der Walt wat getroud was met Tjaart Nicolaas van der Walt.

Maria is gebore op 27 Februarie 1771 en gedoop in die Paarl op 6 Oktober 1771. Sy is waarskynlik vernoem na haar ouma aan moederskant, Maria Elizabeth de Vries. Sy word groot in die destydse baie groot Distrik Graaff-Reinet.



Doop van Maria Kruger: Paarl 6.10.1771

Maria was 'n vierde geslag Kruger. Haar pa was Gerrit Kruger, haar oupa was Hendrik Kruger en die stamvader wat die land inkom was Jacob Kruger.



Huwelik van Petrus Jacobus Pretorius en Maria Elizabeth Kruger

Toe Petrus en Maria trou, was Petrus se dogter Anna Sophia reeds getroud en die ouderdom van die ander kinders uit die eerste huwelik soos volg: Johannes Lodewyk 10jr. 10 mde, Hilletje Johanna ongeveer 8 jaar; en Petrus Jacobus 3½ jaar. Maria se kinders ses was tussen 14 en 3½ jaar oud.

Die Van der Waltkinders word deel van die Pretorius huishouding en in die opgaafrolle van 1802/04 word aangetoon dat die uitgebreide gesin 5 seuns en 4 dogters aan huis gehad het[46]. In 1811 word 2 seuns en 2 dogters opgegee[47] - 'n paar van die kinders was toe al getroud.

Laaste lewensjare

Op 6 Maart 1804 maak Petrus en Maria 'n testament[48] waarin hulle aan die eerste sterwende 'n kindsdeel van die boedel bemaak en dan elkeen na gelang van die geval die res in gelyke dele aan wie ookal te sterwe kom se kinders. In 'n kodisil van 17 September 1729[49] bemaak Petrus die opstal op Knoffelvallei aan sy seun Johannes Lodewyk, wat dan Rds.3000 in die boedel moet inbetaal. Daar word ook bepaal dat die twee slawe Jefta en Carolus kan kies by wie van die kinders hulle wil inwoon en dan moet die koopsom vir hulle in die boedel inbetaal word. Die res van die slawe moet verkoop word ten bate van die boedel.

Petrus sterf dan op 6 Mei 1830 op Knoffelvlei en laat Maria en drie Pretoriuskinders na[50]. Volgens die sterfkennisgewing het hy blykbaar net een leningsplaas en roerende goedere gehad teen sy afsterwe.

Op 17 November 1836 maak die weduwee Maria Elizabeth Kruger 'n testament[51], waarin sy die opstal op die leningsplaas Knoffelvallei aan haar dogter Anna Martha Catharina, weduwee van haar stiefseun Johannes Lodewyk Pretorius, bemaak op die voorwaarde dat Rds.3000 in die boedel inbetaal word. Knoffelvallei word aangedui as in die Wyk Renosterberg van die Distrik Graaff-Reinet. Dit is 'n herhaling van 'n bepaling in haar en Petrus se testament en hierbo reeds vermeld. Verder bemaak sy haar die roerende en onroerende goedere in haar boedel aan haar ses kinders. Die testament word op 20 November 1844 liasseer by die Weesheer.

Maria sterf op 30 Oktober 1844 op die plaas Knoffelvallei en in daardie stadium het sy slegs roerende besittings gehad.

[1] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam.
[2] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam.

[3] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam.
[4] TAB FK 2199.
[5] TAB FK 2199. Elders word die datum as 15 April 1754 aangedui, maar die datum in die doopregister (kyk in hoofstuk) is duidelik 26 Mei 1754.
[6] SAG 13. Bl. 28.
[7] SAG 13. Bl. 28.
[8] TAB FK 2206. SAG 13. Bl. 28.
[9] SAG 15, Bl. 372.
[10] TAB FK 2196.
[11] TAB FK 2199.
[12] KAB MOOC 8/5. Verw. 16a,b en c. Sterfdatum afgelei van datum van inventaris van 15 Julie 1802 en met inagneming die moontlike verhouding met Jacoba Wagenaar.
[13] KAB VC 622.
[14] Kruger, Barry. 2007. *Die Kruger-familie van Suider-Afrika.*: Bl. 412.
[15] TAB FK 2187.
[16] KAB MOOC 6/9/34. Verw. 7579.
[17] Van der Walt A. J. en Van der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 40/711.
[18] Van der Walt Dr. A J en Van der Walt C M: *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Uitgewery Lochwalt, Potchefstroom, 1998. ISBN 0-620-23218-8. Bl. 40/711.
[19] Van der Walt A. J. en Van der Walt C. M. 1998. *Stamregister van die Familie Van der Walt: Geskiedenis en Genealogie 1727 tot 1998.* Bl. 40/711. Bl. 40/711.
[20] KAB J 117. Afgelei van opgaafrol 1799 (KAB J 117) waarin sy vrou alleen en as die weduwee van Andries Michiel van der Walt aangedui is. Die Inventaris (KAB MOOC 8/54. Verw. 15 a, b en c) is eers in 1801 opgestel wat taamlik laat na die afsterwe is.
[21] TAB FK 2199.
[22] SAG 13. Bl. 28.
[23] SAG 13. Ble. 28 en 29.
[24] SAG 2. Bl. 409.
[25] SAG 15. Bl. 372.
[26] SAG 2. Bl. 409.
[27] Pretorius, M E bygestaan deur Pretorius, Andre. 1992. *Pretorius oor Drie eeue: 1600 – 1900*. Barkly-Oos: Privaat uitgegee. Ble. 781 en 782.
[28] TAB FK 2206.
[29] TAB FK 2199.
[30] KAB MOOC 7/1/111. Verw. 79 en 96.
[31] KAB MOOC 8/54. Verw. 16a.
[32] KAB J133.
[33] Madmappers. Kaart 3124 BD. GEO (WGS84) 31°51'56.19"S, 24°51'35.79"O.
[34] Madmappers. Kaart 3124 BD. GEO (WGS84) 31°54'01.57"S, 24°49'07.86"O.
[35] Madmappers. Kaart 3224 BA. GEO (WGS84) 32°01'14.92"S, 24°40'46.70"O.
[36] Madmappers. Kaart 3224 BA. GEO (WGS84) 32°02'46.77"S, 24°39'50.81"O.
[37] Madmappers. Kaart 3224 BA. GEO (WGS84) 32°01'16.78"S, 24°42'37.74"O.
[38] Madmappers. Kaart 3125AC. GEO (WGS84) –(25.20809908, - 31.35114513) 31°21'04.12"S, 25°12'29.16"O.
[39] Pretorius, M E bygestaan deur Pretorius, Andre. 1992. *Pretorius oor Drie eeue: 1600 – 1900*. Barkly-Oos: Privaat uitgegee. Bl. 817.
[40] KAB MOOC 8/5. Verw. 16a,b en c.
[41] KAB MOOC 8/5. Verw. 16b.
[42] KAB J 122.
[43] KAB J 133.
[44] KAB MOOC 8/54. Verw. 16a.
[45] Pretorius, M E bygestaan deur Pretorius, Andre. 1992. *Pretorius oor Drie eeue: 1600 – 1900*. Barkly-Oos: Privaat uitgegee. Bl. 782 en 791.
[46] KAB J 122.
[47] KAB J 133.
[48] KAB MOOC 7/1/111. Verw. 95.
[49] KAB MOOC 7/1/111. Verw. 96.
[50] KAB MOOC 6/9/14. Verw. 3179.
[51] KAB MOOC 7/1/179. Verw. 67.